Created for Development Workshop Namibia
2024

Developed with support of

Schweizerische Eidgenossenschaft
Confédération suisse
Confederazione Svizzera
Confederaziun svizra

Embassy of Switzerland to South Africa, Botswana
Eswatini, Lesotho, Mauritius and Namibia

make the connection
mtc

INTER TEAM

ISBN 978-99945-903-3-9

DW DEVELOPMENT WORKSHOP
CHILDREN

Die Riflose Rifrug

Geskryf deur Jessica Brown
Geïllustreer deur Elizabeth Kopf

Die Riflose Rifrug

Geskryf deur Jessica Brown
Geillustreer deur Elizabeth Kopf

All rights reserved.

No part of this publication may be reproduced, stored in a retrieval system or transmitted in any form or by any means electronic, mechanical, photocopying, recording or otherwise, without prior written permission from the publisher.

First published in 2024 by Development Workshop Namibia
161 Mandume Ndemufayo Avenue, Windhoek
PO Box 40723, Ausspannplatz
Windhoek, Namibia

Website: www.dw-namibia.org

ISBN: 978-99945-903-3-9

Author: Jessica Brown
Illustrations: Elizabeth Kopf
Layout and design: Elizabeth Kopf

Printed in Windhoek, Namibia

Rifrûe is groot, sterk honde met ’n trotse en dapper geskiedenis.

Hulle is geteel om gespierd en sterk te wees, en hulle is selfs gebruik om leeus te jag.

Hulle word om
hierdie rede soms
leeuhonde genoem.

Rifrûe het donkerrooi-bruin hare. Hulle is groot honde met spits neuse en groot, slap ore. Hulle mees kenmerkende eienskap is ’n rif van kort maanhare wat by hul ruggraat afloop.

Dis juis waar hulle hul naam vandaan kry.


Gusti is ’n rifrug, maar hy is sonder ’n rif gebore.
So, hy is ’n riflose rifrug.

Gusti is nog steeds sterk en hy lyk soos ’n groot, angswekkende hond. Maar ten spyte van sy erfenis, is Gusti nie baie dapper nie.

Eintlik is hy redelik bang vir die bure se kat en hy sou heeltemal VERSKRIK wees om ooit ’n leeu te ontmoet.

Toe hy ’n baba hondjie was, het die ander hondjies in sy werpsel vir Gusti geterg omdat hy nie ’n rif gehad het nie.



Hulle het ook vir hom gelag omdat hy bang was vir alles en nooit wou baklei nie.

As jong hond het Gusti gevoel hy pas nêrens in nie.
Hy het sy broers en susters se riwwe bewonder en
was vreeslik skaam dat hy nie self ’n rif het nie.

En wanneer hy nie wou
speel-baklei met sy sibbe of
vir ander honde in die buurt
blaf nie, het hulle hom sleg
of swak laat voel.



Maar op ’n dag het ’n klein seuntjie by Gusti se huis kom kuier. Gusti en sy sibbe was nou oud genoeg vir nuwe eienaars.

Die seuntjie het
na al die hondjies
gekyk en toe hy vir
Gusti sien, het sy
oë gevonkel.

“Hy het nie ’n rif nie!” het hy vir sy ma gesê.

“Dit maak dit selfs MAKLIKER om hom te streel!”

Hy het vir Gusti gestreel en gedruk. Gusti was vreeslik opgewonde en het sy stertjie geswaai.

Die seuntjie het gesien hoe al die hondjies speel. Gusti se sibbe was ’n bietjie rof, haaks met mekaar, geblaf en selfs die kat gejaag. Maar Gusti het rustig onder die skadu van ’n boom gelê. Hy was nie haaks nie en het ook nie die kat gejaag nie.

Hy het die skoenlappers bewonder.
Die seuntjie was betower.

“Hy is só ’n rustige hondjie!” het hy uitgeroep.
“Hy sal nie voëls verjaag of kinders bang maak nie – hy is die hond vir ons!”

Die seuntjie was vreeslik in sy noppies met sy riflose rifrug en Gusti het ’n liefdevolle huis gevind waar alles waaroor hy voorheen skaam was, nou as wonderlike geskenke beskou is wat hom spesiaal gemaak het.

Só is Gusti deur die seuntjie gekies wat hom lief gehad het, met hom gespeel het en hom versorg het. Hulle was beste maats en het alles saam gedoen.

Vandag is Gusti
baie bly hy het
nie ’n rif nie en
hy is trots op hoe
saggeaard hy is

(en hy kyk
nog steeds na
skoenlappers!).

KYK UIT VIR ANDER GUSTI VERHALE!

Oor die skrywer

Jessica Brown is in Namibië grootgemaak en werk al meer as 10 jaar in die veld van onderwys en kinderontwikkeling. Sy is passievol daaroor om die vroeë jare van kinders se lewens te verbeter om hulle te help om sterk fondamente te ontwikkel sodat hulle hul volle potensiaal kan bereik, nie beperk deur inkomste of omstandighede nie.

Jessica is lief vir boeke en die krag wat stories het om mense bymekaar te bring, verbeelding te stimuleer en om grappies, vreugde en humor aan te wakker, en om lewenslange herinneringe te skep. Jessica is ’n sielkundige en stel baie belang in kinders se sosio-emosionele ontwikkeling. Sy het hierdie boeke geskryf om kinders te leer dat hul verskille spesiaal is en dat emosies nie verwarrend of vreesaanjaend hoef te wees nie.

Jessica is ook die trotse eienaar van twee pragtige honde genaamd Gusti en Lily, wat hierdie stories geïnspireer het. Sy hoop dat ouers en hul kinders saam-saam hierdie boek sal geniet.

Oor die illustreerder

Elizabeth Kopf het aan Namibië se kus grootgeword en dit is hier waar sy geleer het om haar eie klein wêrelde deur tekeninge te skep. Sy het verder gaan studeer in animasie vir film en televisie, maar het uiteindelik gevestig in ’n loopbaan van grafiese ontwerp, illustrasie en kunsonderrig.

Haar liefde vir visuele storievertelling en die vermoë van hierdie medium om die verbeelding van soveel kinders aan te wakker, het daartoe gelei dat sy verskeie kinderboeke in Namibië en in die buiteland geïllustreer het.